STILET
STILUS
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

# Die hart van die saak

Jaco Fouché

Ek was 32 toe ek as binnepasiënt opgeneem is. Hoewel ek dit toe nie kon weet nie, was dit aan die einde van my werkslewe, insoverre dit ure op stel en regisseurs of begeleiers met verwagtinge behels. Miskien kan jy selfs sê ek was aan die einde van my volwasse lewe. My twintigerjare is gekenmerk deur verwarring, onwysheid, en herhaalde mislukkings. Ek het klein rolle in verskillende produksies gekry wat een en almal uiteindelik niks beteken het nie. Ek was ook eens getroud. Waar die rolle vergeetbaar was, het ek die vrou gemis wanneer ek haar op televisie sien, maar ek het besef ek moet haar nie kontak nie. Ek was anders. Ek was beperk. Ek het ander weë bewandel. Ek was ‘n pasiënt.

‘n Kind was ek egter ook. Ek was een van die min mans in die blok wat gereeld besoek gekry het, van my ouers. Dit was natuurlik ‘n staatshospitaal en die meeste inwoners en hul gesinne was finansieel slegter daaraantoe as ek en myne. Hulle mense het ver gebly en dit was veral saans moeilik om vervoer te kry. Tydens die dag sou daar soms ‘n trossie mense aanmeld om met iemand te gesels, en dan het die stemtone in die besoekerskamertjie soms in drif en ontsteltenis gestyg. Want ook ander mense was verward en ontevrede oor die kranksinnige lot wat hul kinders te beurt geval het. Daar is egter ook gelag. Welwillendheid is betoon. Terwyl ek in die gang naby die ingang staan, het ‘n besoekende bejaarde paartjie my ‘n lemoen gegee voordat hulle wuiwend by die voordeur uit is. ‘n Dag lank het ek, in my skik en verleë tegelyk, gewonder of hulle my herken het.

Vir my eie ouers was dit ‘n moeilike tyd. Hulle het dit kwalik nodig gehad dat ‘n volwasse kind weer ‘n afhanklike word, maar dit was waarop dinge afgestuur het, kon selfs ek sien, al het ek my vernaam gehou en hulle verseker ek sal gaan swot om ‘n radio-aanbieder te word. In werklikheid was my moed so klein as my werklikheid en kon ek my nie indink dat daar ooit weer so iets soos ‘n vertolking van enige aard sal wees nie. Wat sou voorlê? Nie veel behalwe spanning en onsekerheid nie. Dit was die luim waarin ek met my ouers in die besoekerskamertjie vergader het, en ek onthou met ongemak en skuldgevoel my eie onoortuigende versekerings, my leuens. Soos die grappie lui: die moeilikste deel van malwees is om te maak asof jy nie is nie.

Die hospitaal kon volgens die psigiater 400 grootmense en net soveel kinders huisves. Daar was ‘n adminblok, ‘n kombuis, ‘n siekeboeg, ‘n skuur vir voertuie, perdestalle uit weleer asook ou sale met ‘n verdoemende donkersteen-betraliede voorkoms. Dan was daar moderne sale en ‘n navorsingseenheid. Pasiënte het hospitaalnagklere gedra. Forensiese gevalle is in ‘n gebou agter ‘n hoë draadheining gehuisves. Oumense het ek met begeleiding in groepies sien ronddwaal. Diegene aan middels verslaaf was uitdagend. Ons was almal weerloos.

STILET
STILUS
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

Waar die wilde kind en sy ma gehuisves is in daardie paar weke wat hulle daar was, weet ek nie. Ek was te gekwel oor my eie lot om my veel aan dié van mense om my te steur.

Ek was wakker toe hulle ingebring is, ma en kind. My kamer, of saaltjie, het vier beddens in ‘n ry gehad met die een bed langs die vensters. Ek het aan die gang se kant van die saaltjie geslaap, of gesit, want ek het maklik in ‘n toestand tussen wantroue en fassinasie bloot getob. Daar was ses saaltjies en dan die verpleegsterstasie en die dokters se vertrek, wat snags afgesluit is van die saaltjies sodat ons min of meer na hartelus te kere kon gaan. Ek meen veral die maniese mense was vir die geraas verantwoordelik, en dink ek terug sien ek dat dit erg moet gewees het om so geteister te word dat jy jou medemens moet bly lastig val vir sigarette of bloot aandag en gerusstelling. Vir die geteisterdes kon dit egter van groot irritasie wees om wakker geskud te word deur ‘n maer hand om jou skouerknop of teen jou wang, net om te hoor dat die rustelose meen daar loop iemand buite die geverfde vensters rond en jy moet gaan kyk. Slegs wanneer die geraas die portier gesteur het waar hy in ‘n stoel in die doktersvertrek slaap, het hy die deure na die saaltjies oopgesluit en ingekom en ‘n bohaai van sy eie gemaak om ons stil te kry, sy arms swaaiend en sy onderkaak malend soos hy praat. Hy was enorm en sy wit tuniek kon nie toemaak oor sy groot maag wat andersins onder ‘n swart T-hemp verberg is nie. Ek was bang vir hom met ‘n byna Bybelse vrees en het oogkontak vermy. Hy het ook nie met my gepraat nie, hoewel hy lang gesprekke met ander pasiënte kon voer oor gewelddadige voorvalle wat onlangs in daardie einste sale plaasgevind het. Net een keer toe hy na aandete my pille oor die smal toonbank in die eetsaaltjie gee en ‘n bekertjie water uithou het hy vir my gesê, miskien as waarskuwing, miskien as grap: “Break a leg.”

Buiten ons rusteloses se geraas was die nagte stil in die hospitaalgronde. Die strate om die plek is tog soms gesteur deur die verbyjaag van ‘n motor vol jongmense of die polisie of ambulans wat met sirene onderweg was na die een of ander gemeenskapskomedie of gesinstragedie. Meestal was die stad ‘n bedaarde plek ten spyte van gerugte wat ek in die saal gehoor het van Griekse faksies wat om gebied met arm Afrikaners veg in ‘n sekere woonbuurt, of van sokkerboewe wat eendag die munisipaliteit gaan oorneem, of van gebeure by ‘n sekere saal waar deurnagdanse aangebied is en waarheen ons almal wou gaan, gedagtig aan duister drank en duister vroue en al die stories wat ons daarna sou kon vertel wanneer ons terug is in ons heenkome. Ek het gou ingeskakel by die eienaardige gesprekke wat weersin of geamuseerdheid moet gewek het by die personeel, het hulle ons ooit gehoor en het hulle hul ooit aan ons gesteur in die erg verminderde sosiale status wat ons moes verduur. Vroegaand, met die aanvang van die nagskof, was daar wel ligte verkeer op die gronde, onder meer die portier wat met sy ewe groot swart motorfiets naderprut en voor die blok stil hou en die fiets op ‘n staander laat kantel. Daar was ander voertuie ook wie se bestuurders ek nie geken het nie, ook mense wat in ander sale gewerk het en wat almal ‘n saaklike verhouding met ons gehandhaaf het.

Hoe goed onthou ek nie 'n spesifieke suster wat die gewoonte gehad het om 'n mens te bespreek asof jy glad nie in die omgewing is nie. Sy was stroef en ek was vir haar so lugtig as wat ek vir die groot portier was. Sy was immers vermoedelik een van die persone wat weldra sou moes besluit oor my ontslag. Ek wou haar nie die harnas injaag nie, al het ek gou gemeen iemand kon regtig aan haar duidelik maak dat jy verstaan wat sy sê wanneer sy so in die wind praat. Maar ter wille van billikheid: dit is so dat jy as kranksinnige nooit heeltemal seker kon wees dat jy reg gehoor het nie.

Daar was personeel wat vir my uitgestaan het in hul goedhartigheid. Die belangrikste van hulle was dokter Schadeberg, 'n man kort duskant aftrede wat sag met 'n mens gepraat het en jou uitgevra het oor jou belangstellings. Ek dink hy het gevoel daar is by elke mens 'n sleutel wat net ontdek moet word om 'n verhouding van groot waarde te ontsluit. Hy het my vertel hy is spyt hy het na die stad getrek en dat hy veel gelukkiger in 'n klein praktyk in die Laeveld was. Hy was alleen, het hy gesê, met 'n gebaartjie van sy gevoude hande in sy skoot onder sy maag. Hy mis vriende wat iets weet van die kunste. Gou het ek hartlik met hom gesels. Vandag vermoed ek hy het as geneesheer my sleutel ontdek wat sy terapeutiese taak vergemaklik het, maar ek kan hom nie kwalik neem nie. Aan my ouers het ek 'n goeie verslag gelewer oor dié psigiater met die baard en bril wat oor Harold Pinter en Eugene O'Neill praat asof hy my siel deurgrond. Dis hy wat gemoeid geraak het met die ma en kind.

Ek het die polisiebakkie sien inkom en langs die portier se swart motorfiets stilhou. Ek het op my bed gesit, al vir ure, my bene oor die rand daarvan, en na die ander slapendes en ook deur die oopgegooide vensters gekyk waar enkele straatlampe na binne skyn. Vir 'n verandering was dit doodstil onder die res van die pasiënte. Ek was egter helder wakker. Dit was soos om op 'n reis te wees, het ek gedink, want na dae van psigiese kalmte was ek sterker en bewus van 'n afwagting in my, 'n stuwing van vasberadenheid. Die een of ander bestemming moet tog vir my voorlê, het ek gevoel. Deur die oop vensters kon ek die twee mense sien wat agter uit die bakkie gehelp is, die vrou met haar hande hoog en verskrik, die manlike figuur met iets lomp aan hom. Dit was asof hy altyd op die punt was om om te slaan. Sy kop het in profiel snaaks gelyk. Ek kon nie besluit wat fout is nie. In die bleekgeel lig onder die sekuriteitslamp het hul klere vaal gelyk, en oud. Ek kon uitmaak hoe verrek 'n pant is, en in 'n kledingstuk het ek skeure gesien. Iets het teen my ooglid gefladder. Die nag was warm en vol insekte. Ek het 'n sweetlaag oor my vel gehad en voor die bakkie opgedaag het, het ek gewens ek was alleen sodat ek my klere kon uittrek.

Dit was somer, die seisoen waarin die ma en kind op 'n plaas buite die stad aangetref is deur buurmense. Dit het ek oor die volgende dae gehoor, deels by dokter Schadeberg. Maar daarby was van die pasiënte goed bevriend met die portier wat gehou het van 'n gehoor en in die saaltjie langsaan luidrugtig beduie het dat die ma en kind onder sinkplate teen 'n rant gebly het. Die ma sou gaan kos kry wanneer sy vir 'n boer in sy huis werk. Die kind het by die sinkplate agtergebly of deur die veld gedwaal, geboë en skarrelend soos 'n krap. Hy was blykbaar 'n kenner van die buitelewe. Sy gesig was glo toonbeeld van wilde krag. Die boer

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

het lank van hom geweet, maar die situasie toegelaat. Hy het volgens die portier gesê: “Wie is ek om te karring aan ‘n ding wat werk?” Hy was vies oor die bure se inmenging aangesien die vrou ‘n goeie werker was. By ‘n piluitdelery na ete het die portier die waterbekertjie se boom op die toonbank gekap voor hy dit weer volgemaak het en dit na my gelig, my bekyk en gesê: “Break that leg yet?” Dis in elk geval wat ek gehoor het. Ek het die pil gesluk en die water gedrink.

Op ‘n manier het die situasie inderdaad gewerk, die ding daar in die veld tussen die ma en die kind. Ek het by dokter Schadeberg gesit vir my afspraak en hy was nie lus vir die taak voorhande nie sodat dit maklik was om sy aandag na die nuwelinge te lei. Miskien het hy werklik ‘n vriend in my gesoek, want hy het meer gepraat as wat seker professioneel was oor daardie ma en kind. Hulle is afsonderlik van die ander pasiënte gehuisves, by mekaar, maar met fisieke skeiding tussen hulle. Aanvanklik was hulle stil en bedees. Toe het die seun begin geluide maak en sy lyf verwring asof hy ‘n toeval kry. Hy is daarvoor behandel, ek neem aan met ‘n kalmerende inspuiting of moontlik medikasie in sy kos. Die dokter het gepraat oor die mense, hul name wat by die boer gekry is, die bietjie geskiedenis wat daar was. Die pa was bekend aan die boer en het in die distrik gewerk. Hy het ‘n lae intelligensie gehad, maar was ‘n goeie en gewilde man behalwe vir ‘n sterk geslagsinstink. Die dokter het dit tegelyk delikaat en verskonend gesê, met ‘n lig van daardie gevoude hande in sy skoot, asof hy sensuur van my verwag. En nou die seun.

Hy het vertel die kind het ernstige verstandelike uitdagings. Jy kon reeds aan die vorm van sy skedel sien daar het heelwat vermoë makeer. Maar hy was dierbaar en lieftallig. ‘n Kind van sy pa, het dokter Schadeberg gemeen, ook ten opsigte van die lyflike. Die ma het die kind by haar ingeneem as troos. Sy was sy ma, sy was moontlik self eenvoudig, maar sy was ‘n ma met ‘n ma se instinkte. En die grootste instink het haar ook gedryf. Hulle was twee wesens wat mekaar in die eensaamheid en isolasie gevind het. Wie durf oordeel wat al liefgehad het? Dit wou die dokter by my weet. Dit gaan, het hy gesê, oor die kwessie van omgee. Dis die hart van die saak net dáár.

Dokter Schadeberg het oor die ma gepraat as iemand wat deur die samelewing vernietig kon word, was sy werklik deel van ‘n gemeenskap wat haar gedrag kon polisieer. Eintlik is sy op ‘n manier vry soos ons nie is nie. Die prys is egter samesyn. En die laaste band, met haar seun, is daar in die hospitaal afgesny deur wesens met bogemiddelde intelligensie en ‘n hoë graad van sosiale vaardigheid wat hulself op verhewe moraliteit beroep. Hy het gemeen die seksuele drang onderlê alle vorme van toegeneentheid, selfs die besittingsdrang waarmee ‘n mens jou eiendom oppas. Ek moes wonder oor sy deernis met my. Nie dat ek gedink het dis onbehoorlik nie, eerder net te deeglik oordink deur die intellektuele man, maar laat ek self hier wonder oor ons verbintenis. Want ek het aanklank by hom gevind, hy met die baard wat hy moontlik op Freud s’n gemodelleer het, hy wat ontevrede was omdat hy nie ‘n sielsgenoot in sy nuwe stad kan raakloop nie. Hy het my gevra of ek my ervarings sal neerskryf en vir hom gee, dan kon hy ‘n toneelstuk daaruit prakseer met hom as mede-skrywer. Hy het soms

Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

so gemaak. Ek het vaag geantwoord, meestal omdat dit moeilik was om my voor te stel dat ek iets so privaat sou aanpak. Als het moeilik gelyk, hoewel hy my verseker het dit sou nie so bly nie.

Die weke het omgegaan. Ek het al beter gevoel. Ek het byvoorbeeld vinniger begin beweeg. Weg was die sleepvoethouding wat ek gehad het. Een oggend het ek in die verbyloop gemaak asof ek ‘n ander pasiënt gaan platduik, uit blote baldadigheid, en ons het gelag en ‘n bietjie gestoei. Want ek en die pasiënt het albei begin voel daar is meer aan die lewe as die passiewe bestaan agter die geverfde vensters wat almal laat oopstaan ten spyte van die somerinsekte. Ek het gedink daardie vensters is oop ter wille van die uitsig, en die uitsig was oor die stuk grasveld wat in die rigting van die hoofhek gestrek het, tussen die ander sale deur, verby die adminblok en die ry dadelpalms, na waar mense winkels en teaters en sportvelde en danssale besoek. En by hul ouers in trek.

Voordat ek ontslaan is, is ‘n toneelstuk in ‘n saal vir van die pasiënte opgevoer. Dit het oor ‘n wanfunksionele gesin gehandel wat mekaar vind. Die stuk was ‘n klug. Soms bespiegel ek dat dokter Schadeberg dit geskryf het. Ek het hom nooit weer gesien nie. Die suster sou ek weer by opvolgbesoeke sien, en die portier het ek eenkeer in die hipermark gemerk, enorm tussen die rakke en met ‘n motorfietshelm in sy hand. In die saal het ek tussen vele pasiënte gesit. Voor ons was ‘n lae verhoog wat gedoer-doer het onder die voete van die vyf rondmalende akteurs wat mekaar omhels en baie lag. Hulle was ongeoefen, maar die spektakel was snaaks.

Dit was aangenaam om daar te sit en iets relatief burgerlik te doen. En die vroue. Ek was bly om die vroue te sien. Sommige van hulle het gelag en hard saam gesels. Ander was vir my bedeesd, byna sinister. Ek het agtergekom dat ek ‘n groot wantroue voel teenoor mense wat soos ek is. Maar daardie dag was almal mooi vir my. Ek het gesit en my voorgestel ek ontmoet ‘n vrou en ons het ‘n verhouding. Daar was ook kinders en jongmense. Een van hulle, twee sitplekke van my af, was ‘n jong man wat skaars ‘n agterkop gehad het. Sy skedel het van bo sy oogbanke skuins na sy agternek geloop, asof ‘n groot deel van sy vermoëndheid makeer. By hom was ‘n verpleegsuster wat hom gereeld beduie het om terug te sit.

Hy was nuuskierig oor alles behalwe die toneelstuk. Hy het bly rondkyk en toe hy my merk, het hy grootoog na my gestaar. Ek het vir hom geknik, half in verweer. Hy het bly staar. Toe het hy sy regterhand na my gelig, oor die skoot van die man tussen ons. Hy het sy vier vingers ingekrul en sy duim omhoog gehou. Ek het my regterhand uitgesteek en oorgeleun, en ons het ons duimtoppe teen mekaar gedruk. Sy duim was warm. Hy het gelag. Die voorste tande bo en onder was in ‘n sirkel skeefgedruk, moontlik van baie lank duim suig. Die verpleegsuster het na my gekyk asof sy my bedoelinge takseer, toe ontspan en geknik en aan die jongman se bobeen gedruk sodat hy sy duim en hand weer laat sak het en daarop na haar begin staar het. Op die verhoog het die vader en moeder gepraat oor die vrug van samesyn. Hulle en die drietal jonger akteurs het oor hul voete bly val, bly stamp aan mekaar, bly lag en mekaar omhels.